NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

# VERBRUIKERSTUDIES
# NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning van detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees van die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2021

## AFDELING A VOEDSEL EN VOEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

### VRAAG 1 MEERKEUSIGE VRAE

1.1 B
1.2 A, B, D (enige volgorde)
1.3 D
1.4 B
1.5 B, E (enige volgorde)
1.6 A

### VRAAG 2 PAS DIE KOLOMME

2.1 C
2.2 E
2.3 B
2.4 F
2.5 A

### VRAAG 3 KORREKTE TERM

3.1 Voedselintolerasie

3.2 3.2.1 anoreksie

3.2.2 bulimie

3.3 Hoëdigtheid-lipoproteïen

3.4 Prebiotika

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 4

4.1 **Beskryf die voedselverwante gesondheidstoestand bekend as hoë bloeddruk (hipertensie).**

Hoë bloeddruk is 'n algemene toestand waar die druk van die bloed teen die arteriële wande so hoog is dat dit gesondheidsprobleme soos hartsiektes kan veroorsaak. Hoe bloeddruk kan verharding en verdikking van die are (aterosklerose) veroorsaak.
Hoë bloeddruk ontwikkel wanneer die wande van die groter arteries hul natuurlike elastisiteit verloor en styf word, en die kleiner bloedvate nouer word.
Bloeddruk word bepaal deur hoeveel bloed die hart pomp en die hoeveelheid weerstand wat die arteries teen die bloedvloei bied.
Hoe meer bloed die hart pomp en hoe nouer die are, hoe hoër is die gevolglike bloeddruk.
Bloeddruk styg en daal dwarsdeur die dag, maar dit veroorsaak gesondheidsprobleme (beroerte, hartsiekte, aterosklerose, oog- en nierprobleme) as dit lank hoog bly.
Bloeddruk word in twee dele gemeet: sistolies en diastolies (120/80 = normale bloeddruk).

4.2 **Verduidelik die dieetveranderings wat nodig is om hoë bloeddruk te beheer.**

**Verminder die inname van natrium** – Natrium reguleer die vloeistofbalans in selle. Te veel natrium veroorsaak dat die liggaam water terughou om dit te verdun. Hierdie ekstra water vermeerder die bloedvolume, wat beteken dat die hart harder moet werk om dit deur die bloedvate te pomp.
**Verminder die inname van versadigde vette** – Versadigde vette sal die bloedcholesterol verhoog wat in die binnewande van are kan opbou en die bloedvloei belemmer, wat hoë bloeddruk veroorsaak.
**Eet volgraanprodukte met baie vesel** – Vesel bind met cholesterol in die ingewande en voorkom dat dit geabsorbeer word. Dit verminder die risiko om hoë bloeddruk te ontwikkel.
**Eet voedsel wat ryk is aan kalium, kalsium en magnesium** – hierdie minerale help om die vloeistofbalans en spiersametrekking te reguleer.
**Beperk alkohol** – Alkohol bevat kilojoules en kan bydra tot ongewenste gewigstoename – 'n risikofaktor vir hoë bloeddruk. Alkohol kan ook inwerk op sekere bloeddrukmedikasie, wat die vlak van die medikasie in die liggaam beïnvloed of newe-effekte verhoog.
**Verminder die inname van koffie en tee** – kafeïen laat die byniere meer adrenalien afskei, wat die bloeddruk verhoog.
(Kandidate moet dieetverandering verskaf met goeie redenasie om die punt te verdien.)

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 5

5.1 5.1.1 **Verduidelik die term *liggaamsmassa-indeks* (LMI).**

Die liggaamsmassa-indeks (LMI) is 'n manier om volwassenes se liggaamsvet te bepaal en is gebaseer op hul gewig (kg) en lengte (m). Hierdie metode word gebruik om vas te stel of 'n volwassene ondergewig, normaal of oorgewig is vir sy of haar lengte.

Die LMI van 'n individu is 'n meting wat bereken word met behulp van die formule, gewig in kg van 'n volwassene gedeel deur die vierkant van hul lengte in meter.

$$\text{LMI} = \frac{\text{gewig (kg)}}{\text{lengte (m}^2\text{)}} \text{ of } \frac{\text{massa}}{\text{lengte} \times \text{lengte}}$$

(Indien die kandidaat ouderdom noem, word geen punte toegeken nie.)

5.1.2 **Verduidelik die verband tussen vitamien D-tekort en osteoporose.**

Osteoporose is 'n skeletsiekte waar die bene poreus word as gevolg van 'n oormatige verlies aan proteïene en minerale, veral kalsium. 'n Kalsiumryke dieet word voorgestel en Vitamien D speel 'n rol in die opname/metabolisme van kalsium.
'n Gebrek aan vitamien D kan dus osteoporose veroorsaak.

5.1.3 **Motiveer waarom die studie met vroue gedoen is.**

Estrogeen, 'n hormoon wat bene beskerm, neem skerp af wanneer vroue menopouse bereik, wat beenverlies of laer beendigtheid kan veroorsaak. Dis hoekom die moontlikheid van osteoporose toeneem namate vroue menopouse bereik. Bogenoemde redes dui aan dat vroue 'n groter waarskynlikheid het om osteoporose te ontwikkel, wat die navorsing betroubaarder maak. Vroue is ook geneig om kleiner, dunner bene te hê, dus 'n laer beenmassa, as mans. Verandering van beendigtheid en been merkers gedurende swangerskap word met verslegting van beenmassa in die moeder geassosieer. Die metabolisme van kalsium herset om toe te laat vir die behoeftes wat opgelê is om die skelet van die fetus te bou.

IEB Copyright © 2021 

5.2 **Motiveer waarom hierdie spyskaart geskik is vir arm gemeenskappe met 'n hoë voorkoms van osteoporose.**

*(Nasienriglyne word as tabel aangebied om te help tydens nasien en die herhaling van punte te vermy.)*

| ***Voorkoms van Osteoporose (6 punte)*** | | |
|---|---|---|
| ***Verband met spyskaart*** **(1 punt)** | | ***Voedingstof + Rede*** **(1 punt)** |
| Sardyne in tamatiesous<br>Spinasie<br>Melk<br>Bruinbrood | | Kalsium: Bou sterk bene omdat daar 'n oormatige verlies aan kalsium is. of Kalsium verhoog beenmassa/-digtheid. |
| Sardyne in tamatiesous<br>Melk | | Fluoried: 'n Voldoende inname van fluoried sal verseker dat die kalsium vinnig deur beenminerale opgeneem word om die bene te versterk. |
| Sardyne in tamatiesous<br>Melk<br>Bruinbrood | | Fosfor: Help om sterk bene te vorm en bevorder die opname van kalsium in die spysverteringskanaal. |
| Sardyne in tamatiesous<br>Melk<br>Margarien | | Vitamien D: Nodig vir die opname van kalsium. |
| Spinasie<br>Tamatiesous in sardyne | | Vitamien C: Nodig vir natuurlike kollageenvorming. |
| **Motivering – Verband met arm gemeenskappe (2 punte)** | | |
| Die spyskaart is relatief goedkoop en geredelik beskikbaar. | | |
| Sardyne in tamatiesous is 'n ingemaakte produk en benodig dus nie spesiale bergingstoestande nie. Dit het ook 'n lang raklewe en is geskik vir armer gemeenskappe omdat geen voorbereiding nodig is nie, en dus die koste laag hou. | | |
| Bruinbrood, sardyne, melk en spinasie is BTW vrygestel, dus meer bekostigbaar | | |
| Bruinbrood, goedkoper as witbrood; bekostigbaar vir arm gemeenskappe. | | |
| Spinasie, arm gemeenskappe in staat om hul eie te kweek om die koste van hul eie voedsel te verlaag. | | |

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 6

6.1 **Gee redes waarom elk van die volgende beskou kan word as hoofoorsake van ystertekort-anemie:**

6.1.1 **Bloedverlies**

Ystertekort-anemie is 'n toestand waar die bloed nie genoeg gesonde rooibloedselle het nie. As baie bloed verloor word, kom daar 'n verlies aan rooibloedselle voor. Dit sal lei tot 'n tekort aan hemoglobien wat in rooibloedselle voorkom. Hemoglobien dra suurstof na selle dwarsdeur die liggaam.

6.1.2 **'n Swak dieet**

'n Dieet wat voedingstowwe kortkom vir die produksie en absorpsie van rooibloedselle, soos yster ('n bestanddeel van hemoglobien), foliensuur, koper en vitamiene B12, C en B2 sal bloedarmoede tot gevolg hê. Vegetariërs kan bloedarmoede ontwikkel as gevolg van 'n gebrek aan heemyster en vitamien B12 in hul dieet.

6.2 **Noem TWEE drinkgoed wat ysterabsorpsie sal verminder.**

Tee
Koffie
Gaskoeldrank (enige voorbeeld)

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 7

7.1 **Definieer die term *voedselsekerheid*.**

Voedselsekerheid beteken dat alle mense, ten alle tye/daagliks, fisiese, sosiale en ekonomiese toegang het tot voldoende, veilige en voedsame kos wat voldoen aan hul voedselvoorkeure en voedingsbehoeftes vir 'n aktiewe en gesonde lewe.

7.2 **Bespreek die voordele van geneties-gemodifiseerde voedsel in die bestryding van voedselonsekerheid.**

- Gewasopbrengs en voedselproduksie neem toe en lei tot hoër voedselbeskikbaarheid.
- Gewasse kan meer bestand wees teen siektes en ongunstige toestande, dus word dit moontlik om gewasse te verbou in gebiede met 'n lae landboupotensiaal, wat die beskikbaarheid van voedsel in sekere gebiede kan verhoog.
- Daar kan ook 'n impak op voedselkwaliteit en voedingswaarde wees. As die inhoud van die GM-gewas doelbewus bio-versterk is om die voedingswaarde te verbeter, sal die gewas wat hieruit spruit, voedsamer en veiliger voedsel lewer.
- GM-voedselprodukte kan 'n langer raklewe hê, wat beteken dat dit langer sal hou in gebiede waar toestande ongunstig is om voedsel vir lang tye te berg, en sodoende die beskikbaarheid van voedsel verseker.
- GM-gewasse word doeltreffender verbou omdat boere dieselfde hoeveelheid voedsel kan produseer deur minder grond/water/ plaagdoders te gebruik as konvensionele boerderymetodes. Hierdie besparing op hulpbronne stel produsente in staat om minder te vra – dus meer bekostigbaar en toeganklik/bekostigbaar vir meer mense.

7.3 **Wat is die impak van inflasie op voedselsekerheid?**

Inflasie het 'n negatiewe uitwerking op voedselsekerheid. Inflasie is die afname van die koopkrag van 'n gegewe geldeenheid met verloop van tyd. Pryse styg, maar verbruikers se bestedingskrag bly dieselfde. 'n Kwantitatiewe skatting van die tempo waarteen die afname in koopkrag plaasvind, word weerspieël in die verandering in die koste van 'n denkbeeldige mandjie goedere en dienste wat deur 'n tipiese huishouding gekoop word. Dit staan bekend as die verbruikersprysindeks (VPI). Verbruikers sal dus goedkoper en minder voedsame kos kan bekostig wat beteken dat hulle nie in hul voedingsbehoeftes vir 'n aktiewe en gesonde leefstyl kan voldoen nie. Voedsel kos dus meer en gevolglik kan minder gekoop word en voedselsekerheid word daardeur bedreig. Toename in brandstofpryse sal voedselpryse laat toeneem en sal onbekostigbaar word/minder voedsel koop.

IEB Copyright © 2021 

## AFDELING B KLEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

## VRAAG 8 MEERKEUSIGE VRAE

8.1 C
8.2 A
8.3 B
8.4 C
8.5 D

## VRAAG 9

**Definieer en gee 'n voorbeeld van die volgende kledingterme:**

9.1 **Modeneiging**
'n Modeneiging is die algemene rigting waarin 'n modestyl beweeg. Word deur 'n groot groep mense aanvaar/baie gewild.
Byvoorbeeld, die lengte van 'n roksoom, of die fatsoen/vorm van 'n hals of middellyn en die lengte van 'n mou. Patrone en drukstukke. Voorbeelde soos ma-denims en wit skoene met rok.

9.2 **Silhoeët**
Dit is die buitelyn van die liggaam en 'n kledingstuk wat van 'n afstand gesien kan word, selfs voordat die detail van die styl raakgesien word.
Byvoorbeeld, die drie basiese silhoeëtte in klere is: die silinder, die driehoek en die klok of spesifieke buitelyne soos A-lyn.

9.3 **Eko-modes**
Eko-mode ('groen mode') verwys na enige handelsnaam of reeks wat poog om die impak daarvan op die omgewing, werksomstandighede en gesondheid van verbruikers te beperk, (billike handelspraktyke) deur organiese grondstowwe en geen skadelike chemiese kleurstowwe te gebruik nie.
Byvoorbeeld, klere/bybehore wat gemaak is van organiese tekstiele en tekkies gemaak van herwonne materiale.
*Aanvaar dit as kandidate spesifieke eko-modehandelsname of ontwerpers noem.*

9.4 **Handelsnaam**
'n Handelsnaam/handelsmerk is 'n herkenbare simbool/ontwerp/teken/ woord/uitdrukking of naam wat gebruik word om 'n produk of diens van 'n bepaalde bron te identifiseer en van soortgelyke produkte te onderskei.
Voorbeeld, Levi, Nike, Hugo, Dolce & Gabbana, Dior, ens.

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 10

10.1 **Verduidelik hoekom die wit bloes as 'n klassieke mode-item beskou word deur na die illustrasies te verwys.**

'n Klassieke mode is 'n styl wat verskeie seisoene duur, soms selfs jare, en deur 'n wye verskeidenheid mense aanvaar word. Uit die afbeelding blyk dit duidelik dat dit geld vir wit bloese. ***Die antwoord moet op die illustrasies betrekking hê.***
Alhoewel style mettertyd verander het is dit al vanaf 1783 in die mode. – Tydloos.
Dit word deur 'n wye verskeidenheid mense gedra (1783–1990 ), bv. koninklikes/beroemdes (mans en vroue ingesluit) – Lyk goed aan almal.
Wit bloese is eenvoudig (1920–1990) en maklik om te stileer, en kan dus saam met 'n verskeidenheid ander kledingstukke gedra word. Dit maak dit ook 'n goeie belegging. – Eenvoudige/skoon lyne in 'n neutrale kleur (wit).
Dit word as elegant beskou. In die 1980 en 1990 illustrasie word dit deur prinses Diana en Angelina Jolie gedra. – Dit word as smaakvol beskou.

Maksimum 3 punte as kandidaat nie na die beelde verwys nie)

10.2 **Bespreek hoe die nuwe 1980's witbloesstyl aan die verbruiker bekend gestel sou word.**

Hierdie nuwe styl sal tydens internasionale modeparades deur mode-ontwerpers en modehuise op loopplanke aan die verbruiker bekendgestel word. Bekende persoonlikhede sal afgeneem word met hierdie styl wit bloes aan. Modeleiers sal nou hierdie styl aanvaar of verwerp. Hierdie soorte bloese sal steeds baie duur wees as gevolg van die aanvanklike hoë produksiekoste en die risiko's wat ontwerpers loop as die produk nie verkoop nie. Dit sal nie in winkels beskikbaar wees nie, maar slegs in eksklusiewe boetieks of direk by die ontwerpers. Sodra meer mense hierdie styl aanvaar, sal dit in kettingwinkels aan die algemene publiek bekendgestel word.

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 11

11.1 **Waarom kan hierdie denim nie as volhoubaar beskou kan word nie.**

Die etiket dui 100% katoen aan.
Katoen is een van die mees omgewingsonvriendelike gewasse indien dit nie organies verbou word nie. Baie water word tydens die verbouing en verwerking van katoen gebruik, wat tot waterskaarste kan lei.
Katoenboerdery gebruik ook 'n verskeidenheid plaagdoders en giftige chemikalieë wat in die grond en watervoorrade insypel.
Die etiket dui aan dat die materiaal gekleur is Meer water word gebruik of apart te was (was donker kleure apart). Hierdie kleurstowwe kan werknemers aan skadelike toksiese stowwe blootstel. Weereens word baie water in die kleurproses gebruik. Die verwydering van oortollige kleurstof besoedel ook waterbronne.
A nuwe denim sal gekoop word as die ou een verbleik en sal op die vullishoop beland.
Drie van die versorgingstekens dui die gebruik van elektrisiteit aan (produksie, warm water, stryk, droogskoonmaak). Elektrisiteitsverbruik dra by tot koolstof ($CO_2$)-vrystelling.
*(Kandidate moet na die etiket verwys en dan 'n rede gee om die punte te behaal.)*

11.2 **Noem VIER maniere hoe denim kledingstukke meer volhoubaar gemaak kan word.**

- Alternatiewe materiale soos organiese katoen en ander sellulose-gebaseerde vesels kan gebruik word.
- Minder of natuurlike plantkleurstowwe kan gebruik word, eerder as sintetiese kleurstowwe wat riviere besoedel.
- Herwin vesels vir 'n nuwe produk.
- Verminder meganiese afwerking soos verrinnewering (distressing).
- Behandel met vuilbestande middels, anti-kreukel en antimikrobiese afwerkings om die frekwensie van was- en versorgingsiklusse te verminder. (byvoorbeeld stryk)
- Koue water was siklus gebruik minder elektrisiteit.
- Hergebruik – skenk of omskep in 'n nuwe kledingstuk.
- Opgradering – haal die denim uitmekaar en maak 'n nuwe item.
- Koop plaaslik vervaardigde denimkledingstukke – dit word nie oor 'n lang afstand vervoer nie en verminder dus die koolstofvoetspoor.

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 12

12.1 **Bespreek die negatiewe ekonomiese impak van handelsmerkrowery.**

Die oorspronklike geregistreerde handelsmerk sal miljoene rande verloor omdat namaaksel die reputasie en beeld van die handelsmerk skaad. Verbruikers sal gevolglik vertroue in die handelsmerk verloor of minder koop.
Geregistreerde handelsmerk belê nie in plaaslike ekonomie nie.
Die geregistreerde handelsnaam-eienaars sal verhinder word om markte te betree waar roofhandelsmerke gewild is wat veroorsaak dat hulle verdere inkomste verloor.
Kleinhandelaars wat wettige produkte verkoop, sal benadeel word omdat sommige verbruikers eerder namaaksels sal koop, aangesien dit goedkoper en meer bekostigbaar is.
Werksgeleenthede sal verlore gaan of dit kan tot werksverliese lei omdat dit wettige ekonomiese aktiwiteite verdring.
Lande ontvang geen belastinginkomste of aksynsbelasting op hierdie produkte wat die land binnekom nie, en dit benadeel die plaaslike ekonomie.
Dit sluit kompetisie uit, want mededingers word eers gelok deur die hoë winsgrense van die oorspronklike produkte, maar moet dan 'n prysoorlog teen laeprys- vervalsers voer.

12.2 **Waarom sal 'n verbruiker eerder nagemaakte of vervalste kleding-stukke koop as die oorspronklike?**

Vervalste klere is gewild omdat dit goedkoper is, dus sal 'n verbruiker dit kies, want:

- Verbruikers wil voorgee dat hulle meer suksesvol is en dit skep die illusie van welvarendheid.
- Verbruikers wil modieus wees en die nuutste modetendense word weerspieël deur handelsmerkklere, dus sal hulle die goedkoper namaaksel kies.
- Verbruikers wil beskou word as mense met goeie styl en smaak.
- Suksesvolle mense is geneig om gewild te wees, en verbruikers sal dus vervalste/nagemaakte artikels koop om gewild te wees en aanvaar te word.
- Sommige verbruikers neem aan dat hulle sal goed lyk in handelsmerkklere en daarom voel hulle meer selfversekerd.
- Meer as net handelsmerkklere beskikbaar.

IEB Copyright © 2021 

## AFDELING C BEHUISING EN MEUBLEMENT EN VERBRUIKER-VERWANTE KWESSIES

### VRAAG 13 MEERKEUSIGE VRAE

13.1 D
13.2 C, D (enige volgorde)
13.3 D
13.4 A

### VRAAG 14

14.1 A, C, F (enige volgorde)
14.2 D, G (enige volgorde)
14.3 B, E, H (enige volgorde)

### VRAAG 15

15.1 **Definieer die term *stokvel*.**

'n Spaar- of beleggingsvereniging/klub/skema waartoe lede gereeld (maandeliks, twee-weekliks of selfs weekliks) 'n bepaalde/vaste bedrag bydra waaruit hulle 'n enkelbedrag ontvang.

15.2 **Wat is die voordele daarvan om in 'n eiendomstokvel te belê?**

Lede van die stokvel kan hul finansiële hulpbronne saamvoeg en hoër rente met laer bankkoste op hul belegging verdien. Hulle sal gevolglik 'n groter eiendom kan koop omdat hulle 'n groter deposito sal hê. Dit sal lede van die stokvel in staat stel om die eiendom te verhuur/ontwikkel en 'n gedeelte van die toekomstige inkomste te ontvang wat hul maandelikse inkomste sal aanvul. Die koop van eiendom word as 'n belegging beskou. Die lede van die stokvel kan, deur finansiële hulpbronne saam te voeg, 'n huis vir 'n lid stapsgewys koop. Eiendomstokvelle kan dus baie voordelig wees vir 'n eerste belegger in eiendom, of vir lae tot middelinkomste-verdieners.

15.3 **Noem VIER maniere om te verhoed dat jy deur hierdie beleggings-geleentheid mislei word.**

- As dit te goed klink om waar te wees, is dit gewoonlik.
- Moet nooit reageer op 'n e-pos, boodskap of telefoonoproep waarin jy vir persoonlike inligting gevra word om by 'n stokvel aan te sluit nie.
- Maak seker dat jy die lede in die stokvel ken en vertrou.
- Maak seker dat die stokvel 'n duidelike en robuuste beleid/ooreenkoms het wat al die reëls en regulasies/bepalings en voorwaardes bevat.
- Vind uit van die leierskap- en lidmaatskapstruktuur.
- Maak seker dat jy presies weet waarheen die geld wat jy gaan belê, gaan en hoe dit aangewend gaan word.

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 16

Nadat hulle verhouding beëindig is, het Mark uit die woonstel getrek wat hy en Susan saam gehuur en voor geteken het. Hulle het geen formele ooreenkoms gehad oor die huur wat Mark elke maand betaal het nie. Na twee maande is Susan uit die woonstel gesit, maar sy het besluit om die saak na die hof vir klein eise te neem. Die eerste ding wat haar prokureur haar gevra het, was: "Het jy die huurooreenkoms gelees?"

16.1 **Wat is 'n huurooreenkoms?**

'n Huurooreenkoms is 'n kontrak waarin die voorwaardes uiteengesit word waartoe een party (huurder) instem om 'n eiendom te huur wat deur 'n ander party (eienaar/verhuurder) besit word.

16.2 **Gee VIER redes waarom die prokureur haar die volgende vraag gevra het: "Het jy die huurooreenkoms gelees?"**

Die huurooreenkoms sal die volgende insluit:

- die huur wat elke maand betaal moet word, asook enige verhogings
- die datum waarop die huurder huur moet betaal
- ander bedrae deur die huurder verskuldig
- kennisgewingstydperk om die huurooreenkoms te beëindig
- 'n huurkontrak het voorwaardes en bepalings waarby beide partye moet hou. Deur nie die huurkontrak te lees nie, maak haar nie verantwoordelik vir die uitstaande kostes nie.
- Om nie die huurkontrak te lees nie sal wetlike implikasies met gevolge hê.

Dit beteken dat die verhuurder waarskynlik rede het om Susan uit die woonstel te sit, aangesien sy nie haar deel van die kontrak om die huur te betaal, nagekom het nie.

16.3 **Noem TWEE finansiële verantwoordelikhede van 'n huurder.**

- Betaling van 'n deposito voor of tydens okkupasie.
- Betaal huur betyds elke maand.
- Water en elektrisiteit indien nie in die huurkontrak ingesluit is nie.
- Skade gedurende die okkupasie gemaak.

16.4 **Maak 'n lys van die voordele van die volgende behuisingsopsies om Susan te help om 'n ingeligte besluit te neem in verband met die aankoop van 'n eiendom.**

16.4.1 **Voltitel (vrystaande) eiendom**

Die koper word die wettige eienaar van die hele eiendom, wat die grond en gebou(e) insluit.
Dit is stiller en meer privaat as deeltitel-eiendom.
Veranderings kan aangebring word.
Wins kan gemaak word as die eiendom verkoop of verhuur word.
Bate/belegging
Kan as sekuriteit op 'n persoonlike lening gebruik word.
Kan in 'n testament gelaat word.

IEB Copyright © 2021 

16.4.2 **Deeltitel-eiendom**

Die koper word die wettige eienaar van 'n eenheid in 'n behuisingskompleks en deel fasiliteite met ander inwoners.
Dit is veiliger as 'n vrystaande eiendom, aangesien die eenhede nader aan mekaar is, en daar is dikwels beter sekuriteit.
Gebruik gemeenskaplike fasiliteite soos swembaddens en tuine sonder om dit self in stand te hou.
Die verantwoordelikheid vir die eiendom is minder stresvol omdat die huiseienaarsvereniging die kompleks namens die eienaar administreer, beheer en bestuur.
Onderhoudskoste is aansienlik laer as die koste vir voltitel-behuising.
Veranderings kan aangebring word.
Wins kan gemaak word as die eiendom verkoop of verhuur word.
Bate/belegging
Kan as sekuriteit op 'n persoonlike lening gebruik word.
Kan in 'n testament gelaat word.

IEB Copyright © 2021 

16.5 **Noem VYF verskuilde kostes waarvan Susan bewus moet wees voordat sy 'n eiendom koop.**

- Verbandregistrasie fooi
- Tussentydse tariewe/Interim rente
- Bankinisiasiefooie/Aanvangsfooi
- Eiendomswaardasiegelde/Waardasiefooi van eiendom
- Eiendomstariewe en belasting
- Okkupasiehuur
- Diens-of administrasiefooie
- Verhuisingsuitgawes
- Diensaansluitingsfooie/Deposito vir nutsverbindings/fooie vir diensverbindings
- Wisselende/Veranderlike koste van die prokureur/aktebesorger fooie
- Oordraggelde/-koste
- Hereregte
- Aktekantoorfooi

16.6 **Verduidelik die betekenis van enige TWEE van die volgende soorte versekering.**

16.6.1 **Verbandbeskermingsversekering**

Die finansiële instelling wat die huislening goedkeur, sal vereis dat die koper verbandbeskermingsversekering uitneem om die huislening te dek/vereffen as die koper sterf of ongeskik raak vir werk.

16.6.2 **Omvattende huiseienaarsversekering**

Dit is korttermynversekering wat die huisstruktuur beskerm teen strukturele skade as gevolg van natuurrampe soos brand, oorstromings en politieke onrus of toevallige skade soos 'n gebarste geiser.

16.6.3 **Huishoudelike versekering**

Versekering wat die inhoud van die huis (bv. meubels, TV, toestelle) teen brand, diefstal/verlies of skade dek.

16.7 **Noem DRIE faktore wat Susan moet oorweeg voordat sy nuwe huishoudelike toestelle koop.**

- Haar huidige en toekomstige behoeftes/leefstyle
- Haar begroting
- Hoe maklik dit is om die toestelle te installeer, gebruik en in stand te hou
- Beskikbare ruimte benodig vir die toestel
- Energieverbruik (elektrisiteit teenoor gas)
- Moontlike omgewingsimpak
- Waterverbruik
- Waarborg en omruilbeleid

IEB Copyright © 2021 

16.8 **Verduidelik hoekom 'n afbetaalverkooptransaksie (huurkoop) 'n beter opsie as bêrekoop sou wees as Susan huishoudelike toestelle koop.**

'n Afbetalingsverkooptransaksie sal beter wees, aangesien Susan die toestel dadelik sal ontvang nadat sy die kontrak onderteken en die deposito betaal het. Sy sal die toestel kan gebruik terwyl sy maandelikse paaiemente betaal. Daarteenoor, as sy 'n bêrekoop-ooreenkoms aangaan, sal sy die deposito en verskeie paaiemente oor 'n vasgestelde tydperk moet betaal totdat die volle koopsom betaal is. Sy sal eers die toestel ontvang en kan gebruik as die volle bedrag betaal is.

16.9 **Hoekom moet Susan bewus wees van grysgoedere wanneer sy huishoudelike toestelle koop?**

Verkoop deur besighede/individue wat nie deur die vervaardiger daartoe gemagtig is nie **of** Grysgoedere is items wat 'n vervaardiger nie in 'n bepaalde land wil verkoop nie.
Omdat grysgoedere nie deur die amptelike kanale ingevoer word nie, sal die vervaardiger nie die waarborg nakom as die goedere foutief raak of breek nie.
Herstelwerk sal 'n probleem wees omdat party verkopers van grysprodukte sal aanbied om die goedere te herstel, maar die kwaliteit van die herstelwerk is dikwels twyfelagtig en onderdele is dalk nie beskikbaar nie.

IEB Copyright © 2021 

## AFDELING D UITGEBREIDE SKRYFRESPONS

### VRAAG 17

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat daarop volg.

**Die omgewingsimpak van energie-doeltreffende groot huishoudelike toestelle**

Min van ons dink daaraan om 'n groot huishoudelike toestel te koop as die huidige toestel nog in werkende toestand is. Maar as jy nadink oor watter impak jou huidige yskas, skottelgoedwasser of wasmasjien op jou lewe en die wêreld in die algemeen het, mag jy dalk van mening verander.

Dink aan jou huidige toestel as die toksiese/giftige vriend of vennoot wat jou lewe onbewustelik benadeel. Maar as jy die aankoop van 'n nuwe en doeltreffender toestel nie as selfbederf of 'n luukse beskou nie, maar meer as 'n uiters praktiese oplossing vir 'n dringende saak, lyk dit asof alles in plek val en meer sinvol is.

[Aangepaste bron. Beskikbaar by: <https://www.fix.com/blog/energy-efficient-appliances/>]

Skryf 'n artikel* vir verbruikers wat die voordele van die aankoop van eko-vriendelike groot huishoudelike toestelle uitlig.

Bestudeer die rubriek om jou antwoord te lei.

**Woordelys**

*artikel – 'n geskrewe teks wat saam met ander in 'n koerant, tydskrif of ander publikasie ingesluit word.

IEB Copyright © 2021 

| | Kriteria | Prestasie-aanwysers | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | **Kriteria vir die aankoop van spesifieke eko-vriendelike huishoudelike toestelle** | **6 punte** | **4 punte** | **2–3 punte** | **1 punt** | **0 punte** |
| | | Die antwoord bevat minstens 3 huishoudelike toestelle met 'n deeglike verduideliking van die kriteria wat oorweeg moet word wanneer eko-vriendelike toestelle gekoop word. Geen feitefoute nie. | Die antwoord bevat minstens 2 huishoudelike toestelle met 'n deeglike verduideliking van die kriteria wat oorweeg moet word wanneer eko-vriendelike toestelle gekoop word. Geen feitefoute nie. | Slegs 1 huishoudelike toestel word genoem. Party kort geskiktheid, duidelikheid of detail. | Antwoord poog om kriteria te verskaf vir die aankoop van spesifieke huishoudelike toestelle, maar dit is meestal ontoepaslik of vaag. | Antwoord bied geen kriteria vir die aankoop van spesifieke huishoudelike toestelle nie. |
| 2 | **Moontlike omgewings-impak** | **7–8 punte** | **4–6 punte** | **2–3 punte** | **1 punt** | **0 punte** |
| | | Die antwoord toon 'n deeglike begrip van die moontlike omgewingsimpak as jy nie omgewings-vriendelike huishoudelike toestelle koop nie. Geen feitefoute nie. | Die antwoord toon 'n goeie begrip van die moontlike omgewingsimpak as jy nie omgewings-vriendelike huishoudelike toestelle koop nie. Geringe feitefoute. | Die antwoord toon 'n begrip van die moontlike omgewingsimpak van die koop van onvriendelike huishoudelike toestelle. Sommige belangrike inligting ontbreek/is foutief. | Die antwoord toon 'n swak begrip van die moontlike omgewingsimpak as jy nie omgewings-vriendelike huishoudelike toestelle koop nie. | Die antwoord toon 'n swak of geen begrip van die moontlike omgewingsimpak as jy nie omgewings-vriendelike huishoudelike toestelle koop nie. |
| 3 | **Kwaliteit van die artikel** | **4 punte** | **3 punte** | **2 punte** | **1 punt** | **0 punte** |
| | | Die artikel is duidelik en bondig geskryf. Vloei is logies. Fokus word deurgaans behou. Die gebruik van terminologie is akkuraat. | Die artikel is meestal duidelik, die vloei is logies, die fokus word behou en die gebruik van terminologie is akkuraat. Daar is geringe insinkings. | Die antwoord het gebreke wat verband hou met duidelikheid, redenasie, fokus en terminologie, wat die kwaliteit van die artikel beïnvloed. | Die artikel is dikwels vaag, samehang ontbreek, dis wankelrig of herhalend. Die terminologie wat gebruik word, is dikwels foutief.. | Die artikel maak geen sin nie. |
| 4 | **Aanbieding** | | | **2 punte** | **1 punt** | **0 punte** |
| | | | | Die antwoord is georganiseer met 'n gepaste titel, goed saamgestelde paragrawe, 'n gepaste inleiding en 'n duidelike slot. Taal en toon is gepas. | Die antwoord is georganiseerd, maar in verskeie opsigte gebrekkig. | Die antwoord is gebrekkig in alle of byna alle aspekte van die aanbieding. |

IEB Copyright © 2021

**Die opstel word holisties nagesien deur die IEB se opstelrubriek met die volgende riglyne te gebruik.**

Aangesien eko-vriendelike toestelle ontwerp is om hul take met 'n minimum hoeveelheid energie te verrig, sal dit energie bespaar. Jy kan dan die opgegaarde energie vir ander belangrike take in die huis gebruik.

Huishoudelike toestelle kan 'n impak hê op die omgewing tydens vervaardiging, gebruik, of wanneer daarvan ontslae geraak word.

**Kriteria vir die aankoop van spesifieke eko-vriendelike huishoudelike toestelle.**

Voordat jy 'n toestel koop, moet jy vasstel of dit energie-doeltreffend is. Jy kan dit doen deur na die energiedoeltreffendheidsetikette daarvan te kyk.

Toestelle met 'n A-gradering is uiters doeltreffend en toestelle met 'n G-gradering is die minste doeltreffend en gebruik baie krag.

As jy uiters doeltreffende toestelle met ekonomiese siklusse kies, kan jy die water- en elektrisiteitverbruik verlaag.

- Wasmasjiene
  - Verstelbare temperatuurstelling om elektrisiteitsverbruik te verminder.
  - Outomatiese kouespoel-siklus bespaar elektrisiteit.
  - 'n Vinniger wentelspoed sal die droogtyd en energieverbruik verminder.
  - Voorlaaiwasmasjiene gebruik die minste water.
  - Bestudeer die etiket vir water- en kragverbruik – 'n outomatiese stelling om watervlakke aan te pas, verseker dat slegs die benodigde hoeveelheid water gebruik word.
- Tuimeldroërs
  - Omkeerder tuimeldroër gebruik minder elektrisiteit.
  - Behalwe vir gasdroërs, is droërs nie energiedoeltreffend nie.
  - Kies 'n tuimeldroër met 'n outomatiese afskakelaar.
  - Dring aan op 'n model met 'n vogsensor, want hierdie toestelle skakel outomaties af as die wasgoed droog is.
- Skottelgoedwassers
  - Masjiene met lae-temperatuurstellings kan elektrisiteit bespaar.
  - Masjiene met 'n vinnige was-opsie (ekonomiese siklus) bespaar water en elektrisiteit.
- Yskaste – sonkrag
  - Yskaste wat outomaties ontvries, gebruik minder menslike energie en bespaar tyd, maar gebruik meer elektrisiteit.
  - Yskaste met ysmakers bespaar menslike energie en tyd, maar gebruik meer elektrisiteit.
  - Yskaste met vrieskompartemente gebruik minder elektrisiteit as twee aparte eenhede.
  - Groot yskaste gebruik meer elektrisiteit.
- Vrieskaste
  - Vrieskaste wat outomaties ontvries, bespaar tyd en menslike energie.
  - Regopstaande vrieskaste gebruik meer elektrisiteit as kistipe vrieskaste, want koue lug ontsnap elke keer as die deur oopgemaak word.
  - CFK-vrye vrieskaste (CFK: chloorfluorkoolstowwe) gebruik aardgas wat nie die osoonlaag beskadig of bydra tot aardverwarming nie.

IEB Copyright © 2021 

- Stowe
  - Gasstowe bespaar elektrisiteit omdat dit onmiddellik hitte verskaf), en gas is goedkoper.
  - Plate of branders van verskillende groottes bespaar elektrisiteit.
  - Selfreinigende oonde gebruik baie krag.

**Moontlike omgewingsimpak**

- Verbranding van steenkool en ander fossielbrandstowwe om elektrisiteit op te wek, veroorsaak lugbesoedeling.
- Die koolstofdioksied wat vrygestel word, dra by tot die kweekhuiseffek en aardverwarming.
- Die meeste moderne yskaste en vrieskaste is vry van CFK's en gebruik aardgas wat nie die osoonlaag beskadig of bydra tot aardverwarming nie.
- Ou toestelle bevat lood wat ernstige gesondheidskwessies kan veroorsaak en grond- en waterbronne kan besoedel as daar nie op die regte manier van ontslae geraak word nie.
- Besoedeling kan voorkom word deur ou toestelle as e-afval te herwin wanneer nuwe toestelle gekoop word.
- Toestelle met 'n hoë waterverbruik plaas druk op ons waterbronne en rioolstelsels.
- Tuimeldroërs en wasmasjiene stel mikro-plastiek vry (afkomstig van kledingstukke wat van sintetiese materiale soos nylon en poliëster gemaak word) en mikrovesels besoedel uiteindelik die oseaan.

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2021